# OPTIMALE ETIEK: DIE NUWE CHRISTELIKE LEWENSWYSE IN DIE NUWE STAAT.

1. **Die bes moontlike gehoorsaamheid wat God van my kan verwag**.

Optimale etiek, wat is dit? Dit is die bes moontlike gehoorsaamheid wat God van my kan kry. Meer as dit kan God nie van my verwag nie. As Hy meer as dit verwag, sal Hy dit nie van my kry nie, want ek kan nie.

Hierdie bes moontlike gehoorsaamheid volgens my geaardheid en my persoonlikheid moet vir God goed genoeg wees. Dit is wat in optimale etiek geleer en geglo word.

Ons het nou onlangs met hierdie sogenaamde optimale gehoorsaamheid te doen gekry in die debat oor homoseksualiteit.

Dit klink só: konstitusionele homoseksualiteit beteken dat hierdie mense se seksuele oriëntasie onveranderlik vasgelê is.

Hierdie persoon kan nie anders wees nie. Al wil hy of sy. Verder het hierdie persoon ook die behoefte tot nabyheid en seksuele verkeer. Die bes moontlike gehoorsaamheid wat God van so ʼn persoon kan verwag, is om sy of haar seksualiteit in ʼn permanente liefdesverhouding met een persoon van dieselfde geslag na te streef.

God kan nie eis dat hierdie persoon anders seksueel gerig moet wees nie. Dit kan gewoon net nie. Dit is ʼn onveranderlike gegewe wat God net moet aanvaar. Daarom kan God ook nie ʼn gehoorsaamheid eis waarin Hy as God nie hierdie gegewe aanvaar nie.

Dit is optimale etiek: God moet die bes moontlike gehoorsaamheid volgens my geaardheid en persoonlike omstandighede gewoon net aanvaar.

Volgens hierdie standpunt van optimale gehoorsaamheid is dit wat God van ons in sy Woord verwag: om volgens die beginsel van optimale gehoorsaamheid te leef. In die Bybel kan en wil God nie meer as optimale gehoorsaamheid van ons vra nie. Hy is tog nie ʼn onbillike en onregverdige God nie. Daarom eis God nie in die Bybel iets anders as optimale gehoorsaamheid nie.

2.**Vir wie geld optimale gehoorsaamheid**?

Optimale gehoorsaamheid vir wie?

In die huidige openbare debat geld net vir homoseksuele mense.

Soos met elke deel van hierdie debat is die vraag wat nie aan die orde gestel of beantwoord word nie: geld hierdie optimale gehoorsaamheid ook vir ander?

Sou dit vir sosiopate en pedofiele ook geld?

’n Konstitusionele sosiopaat is volgens sy aard selfgerig en is nie tot menslike naaste liefde in staat is nie.

Wat is die optimale gehoorsaamheid wat God van hom kan verwag?

God kan nie van hom verwag om op God of sy naaste gerig te wees nie. Dis gewoon net nie deel van sy konstitusie nie. God kan nie van hom enige naasteliefde verwag nie. Hy is net tot selfliefde in staat. ’n Sosiopaat se selfgerigtheid en selfliefde moet dan as die optimale gehoorsaamheid van so ’n persoon aanvaar word – ook deur God.

Volgens die optimale Christelike gehoorsaamheid moet ’n sosiopaat net poog om bedagsaam te wees teenoor homself, vriendelik en verdraagsaam teenoor homself te wees, goedhartig en getrou aan homself te wees. God verwag dit nie van hom teenoor ander mense nie. Dit is nie deel van sy optimale gehoorsaamheid nie.

’n Konstitusionele pedofiel kan net in kinders seksueel bevredig word. Wat is optimale gehoorsaamheid vir ’n pedofiel?

Optimale gehoorsaamheid vir ’n pedofiel is dat God en mense moet aanvaar hy kan op geen ander manier vervuld leef nie. Dit is ook nie deel van ’n mens se optimale gehoorsaamheid om jou eie drange te ontken asof jy dit nie mag hê of voel nie. God kan nie eis dat ’n mens onvervuld moet leef nie.

Vir die voorstanders van optimale gehoorsaamheid sal hulle hier nou ander beginsels moet laat geld wat hulle nie by homoseksualiteit wil laat geld nie. Hoekom moet die minderjarigheid van ’n kind nou my optimale gehoorsaamheid bepaal as die geslag van ’n ander persoon nie my optimale gehoorsaamheid bepaal nie?

Kan ’n pedofiel met God skik vir foto’s van naak kinders as optimale gehoorsaamheid? Kan ’n pedofiel met God skik vir erotiese tastings wat heimlik is – net solank kinders net dink dat dit geborgenheid is? Kan ’n pedofiel met God skik dat net om te kyk, te begeer en te fantaseer is sy optimale gehoorsaamheid?

Wanneer kan jy jou op jou konstitusionele geaardheid en omstandighede beroep as die bepaling van die bes moontlike gehoorsaamheid aan God?

Kan heteroseksuele mense hulle op optimale gehoorsaamheid beroep?

3. **Optimale gehoorsaamheid is nie ’n nuwe ontdekking nie.**

’n Baie insiggewende insident van optimale gehoorsaamheid het plaasgevind met Martin Luther en Philip Melanchthon in die sestiende eeu, ongeveer vyf honderd jaar gelede.

Martin Luther maak die Reformatoriese ontdekking oor ons regverdigmaking voor God deur die geloof alleen. Dit is die begin van al die Reformatoriese kerke. Melanchthon

deel dit met hom en saam ontgin hulle die hele Christelike geloof en lewe volgens hierdie ontdekking uit die Woord van God.

In Duitsland staan die Duitse vorste saam en vorm die Smalkaldiese verdrag om hulle geloof te handhaaf teen keiser Karel V se poging om met militêre en politieke mag hierdie geloof uit te wis. Dit is ŉ militêre en politieke verdrag om die geloof in God se genade te beskerm.

Een van die Duitse vorste, graaf Philip van Hesse, is in ŉ politieke huwelik vasgevang waarin hy nie sy vrou liefhet nie. Hierdie politieke huwelike is vir kinders deur hofhoudings en ouers gereël, sonder hulle inspraak of keuse, terwyl hulle nog sewe, agt, nege en tien jaar oud was. Self kon hy nie hierdie tradisie kies of verander nie.

Wat is die optimale gehoorsaamheid wat God van hom in sy situasie kan verwag?

Om seksueel te verkeer met ŉ vrou wat hy nie gekies het of liefhet nie? Dit moes hy doen. Dit het hy ook gedoen om kinders te verseker vir die balans in politieke mag in Duitsland en Europa.

Mag hy net politieke seks hê of mag hy ook ware liefde ervaar? Skei is gewoon net nie ŉ opsie nie. Dit sal tot politieke onrus en oorlog aanleiding gee wat die dood van duisende sou beteken.

Na vele buite-egtelike verhoudings raak hy verlief op ŉ sewentienjarige dogter. Die ma eis dat hulle moet trou. Dit is vir haar, haar optimale gehoorsaamheid.

Die graaf se vrou stem in tot hierdie tweede huwelik waarin sy haar man met ŉ vrou in ŉ ander huwelik deel. Dit is haar optimale gehoorsaamheid om die titel en die toekoms van haar kinders te verseker.

Philip van Hesse oortuig ŉ teoloog van Strassburg, Butzer, dat dit beter is dat hy deel van die Lutherse Smalkaldiese verdrag sou bly, as wat hy na die Roomse pous of na die keiser sou moet gaan om by hulle goedkeuring te moet kry.

Butzer gaan na Martin Luther en Philip Melanchthon en saam besluit hulle op die optimale gehoorsaamheid vir graaf Philip van Hesse.

Hulle optimale gehoorsaamheidsverdrag vir graaf Philip van Hesse werk só:

1. Dit is God se wil dat ŉ man net met een vrou in die huwelik verbind mag word en leef. Dit is die skeppingswet.
2. Christus het hierdie skeppingswet in die nuwe Testament bevestig.
3. Maar buitengewone omstandighede vra “optimale gehoorsaamheid”.
4. Die Smalkaldiese verdrag is nodig om die geloof in God se genade militêr en polities te beskerm.
5. Die graaf moet met die dogter trou, want egbreek is sonde.

6. Maar hierdie tweede huwelik moet in die geheim plaasvind en ʼn geheim bly.
7. Hierdie geheime huwelik sal vir die gemeenskap bekend wees as ʼn buite egtelike verhouding. Die hele gemeenskap het buite-egtelike verhoudings in hofhoudings aanvaar omdat hulle die druktespanning en belang van politieke huwelike verstaan het. ʼn Egskeiding van sy politiekgekose vrou sou die hele gemeenskap aan oorlog, opstand en rewolusie uitlewer.
8. Vir die bigamie van die graaf is daar die voorbeeld van poligamie in die Ou Testament wat wys op dit wat ons nou aanhoor as optimale gehoorsaamheid.

Volgens die optimale gehoorsaamheidsverdrag is God, die Lutherse teoloë en die Duitse gemeenskap tevrede. Die militêre verdrag wat die geloof in God se genade moet beskerm is gered.

Wat kan ʼn beter vorm van gehoorsaamheid wees as om die geloof in God se genade te red van die militêre en politieke onderdrukking van ʼn Roomsgesinde keiser wat die Roomse afgodsdiens en bygeloof wil afdwing?

Wat was die uiteinde van hierdie optimale gehoorsaamheid?

Keiser Karel V van die Heilige Romeinse Ryk het van Philip se tweede huwelik te hore gekom. Huwelike is per definisie tog ʼn openbare saak.

Bigamie was teen die Duitse grondwet. Die tweede huwelik van Philip van Hesse het hom in die mag van die keiser geplaas want hy moes geregtelik afstand van sy graafskap en sy eiendom doen. Die keiser se optimale gehoorsaamheid was om Philip sy tweede huwelik te gun as hy saamspeel om die Smalkaldiese verbond te kelder. Dit het toe op daardie tydstip, in die lig van die nuwe omstandighede, weer van graaf Philip nuwe alternatiewe optimale gehoorsaamheid geverg. Sy persoonlike omstandighede het tog drasties verander.

Luther en Melanchthon se optimale gehoorsaamheid, ter wille van die Smalkaldiese verdrag wat die geloof in God se genade moes beskerm, het die gehoorsaamheid geword wat die Smalkaldiese verdrag verbreek het. Maar, ten spyte van Luther en Melanchthon se sonde, het die verkondiging van God se genade in Europa sonder hierdie verdrag steeds toegeneem.

4.**Optimale etiek is niks anders as situasie etiek nie.**

Wat is optimale etiek?

Dit is niks anders as situasie-etiek nie: wat ek doen word bepaal deur die situasie waarin ek my bevind en hoe ek my situasie sien. Gehoorsaamheid aan God mag en kan niks meer wees as hoe ek my persoonlike en sosiale omstandighede sien waarin ek my bevind nie. Gehoorsaamheid word nie deur God se wil bepaal nie, maar deur my geaardheid en omstandighede.

Situasie-etiek is en was nog altyd met ons, maar ons het dit as kerk nog altyd verwerp. ŉ Mens se optrede in ŉ situasie moet deur die wil van God bepaal word om as gehoorsaamheid aan God te kwalifiseer, nie deur my geaardheid of omstandighede nie.

Daarom is dit diskriminerend, wreed en vernederend teenoor homoseksueles om homoseksualiteit te gebruik om situasie etiek nou skielik as die ware Christelike gehoorsaamheid te probeer regverdig.

Dit werk met gelowiges wat homoseksueel is op so wyse asof daar in hulle niks anders en niks meer kan wees as om volgens hulle omstandighede te leef en te kies nie. Dit veronderstel dat homoseksuele mense net situasie-etiek kan nastrewe!

Om te maak asof daar vir homoseksuele lidmate geen ander tipe geloofslewe of geloofskeuses is as situasie-etiek nie, is diskriminasie in sy diepste en mees vernederendste vorm. Dit skep twee tipes Christene binne een kerk en voor een Here: die Christene wat net optimaal gehoorsaam kan wees en die Christene wat ten volle gehoorsaam moet wees, en homoseksuele lidmate kan net aan die eerste groep behoort.

Die twee tipes Christene met twee tipes gehoorsaamheid is een moontlikheid om die saak aan die orde te stel. Die ander moontlikheid is dat homoseksuele lidmate se kwesbare posisie net gebruik word om situasie-etiek die nuwe Christelike gehoorsaamheid vir almal te maak, sonder dat die hele saak van situasie-etiek as ŉ selfstandige saak, sonder die opwek van sentimente, in sigself gedebatteer en beoordeel is.

Dit is eintlik die laaste moontlikheid waaroor dit ten diepste gaan: om in die plek van volle wetsgehoorsaamheid optimale gehoorsaamheid te stel. Hier stel mense God voor ŉ nuwe eis: God word voor die eis van optimale gehoorsaamheid gestel. Hy moet dit aanvaar as Hy wil hê ons Hom gehoorsaam moet wees. Sy Woord, die Bybel, mag niks anders van ons vra as optimale gehoorsaamheid nie.

In gewone taal: mense sê vir God hoe hulle hom sal en kan gehoorsaam volgens hulle eie selfkennis en omstandighede. As Hy dit nie aanvaar nie sal ons Hom voorstel as ŉ ŉ wrede, onbillike en onregverdige God.

5. **In optimale etiek stel die mens die grondwet op vir gehoorsaamheid, nie God nie.**

Dit is ons reg, ons mensereg, om vir God te sê wat is ons selfkonstitusie en hoe werk ons selfkonstitusie. Dis ons reg om vir God net volgens ons selfkonstitusie gehoorsaam te wees.

Optimale gehoorsaamheid is die gehoorsaamheid vir Christene binne die nuwe staat: gehoorsaamheid aan God volgens ons selfkonstitusie, ons eie grondwet.

Homoseksualiteit word net voorgehou as die eerste situasie, die eerste van baie wat gaan volg op die patroon van die eerste, waardeur optimale gehoorsaamheid vir die Christene teenoor God geregverdig word.

Maar hierdie gewaande meer regverdige, liefdevolle en billike gehoorsaamheid aan God volgens ons selfkonstitusie, ons grondwet, het ŉ innerlike teenstrydigheid: dit tel net vir sekeres, nie vir almal nie.

Die innerlike teenstrydigheid is dat optimale gehoorsaamheid soos dit vir homoseksueles geld, nie in die nuwe Christelike gemeenskap vir sosiopate en pedofiele sal geld nie.

Hier geld ander reëls as vir homosekueles. Daar sal nooit gepoog word om vir die pedofilie ook ŉ situasie-gehoorsaamheid te gun om hulle begeertes en behoeftes uit te leef nie. Ook sal daar nie gepoog word om die selfgerigtheid van ŉ sosiopaat as die optimale liefde vir God te regverdig nie.

Hierdie ander reëls word geregverdig met argumente dat homoseksualiteit is anders, dis nie ŉ afwyking nie, dit is nie ŉ geestelike siekte nie, niemand word benadeel soos met die ander voorbeelde nie. Hier wys twee innerlik teenstrydige waardestelsels

6.**Christene met twee innerlik teenstrydige waardestelsels?**

Die innerlike teenstrydigheid waarmee net homoseksualiteit as situasie etiek geregverdig word, terwyl situasie etiek nie vir ander soortgelyke situasies geld nie, wys op sy beste in die innerlike teenstrydigheid tussen die regverdiging van homoseksualiteit as sou dit nie sonde wees nie en die eis vir een georganiseerde kerkverband.

Kan daar ŉ groter teenstrydige situasie wees as tans, waar dit juis dieselfde voorstanders van een kerkorganisasie vir almal is, wat ook voorstanders daarvan is dat homoseksualiteit nie teen God se bedoeling met die lewe is nie?

In die betoog vir kerkeenheid klink hulle argument só: die mens se verskille in taal, kultuur en ras, wat ŉ natuurlike skeppingsgegewe is en deel van die mens se selfkonstitusie is, mag nie ŉ faktor in kerkwees nie wees.

Ongeag hoe mense kultureel en etnies verskil, moet hulle teen hulle natuurlike gevoel vir eie-wees, almal in een kerkorganisasie inpas.

Hulle moet hulle natuurlike gevoelens en hulle gegewe kultuur en etniese verskille oorkom. Dit is die eis en die wil van God. In God sal hulle die krag ontvang om hierdie natuurlik, skeppingsgegewe gevoelens te oorkom. Hierdie natuurlike gevoelens is sonde. Kerkeenheid vra ŉ geestelikheid anders en groter as ons natuurlike gevoelens en aangebore selfwees.

Wat mense van nature is en hoe mense van nature voel en dink, mag geen rol speel in die organisering van een kerk nie. Hier gaan dit net om geestelike beginsels. Uit die geloof moet ons groter en anders wees as ons natuurlike gevoel en wil.

Maar dieselfde persone sal oor homoseksualiteit die volgende stel: dit is ŉ aangebore en onveranderlike gegewe wat almal moet aanvaar. Ons moet nie eise stel dat homoseksueles anders moet wees en dink as wat hulle is nie. God is nie so wreed en onbillik nie. Hulle moet God net optimaal gehoorsaam. As hulle net homoseksueel binne ŉ monogame huwelik is, sal dit vir God genoeg wees.

Daarteenoor sal dieselfde persone oor taal en kultuur-georganiseerde kerke sê: vir God is dit sonde, dit is verwerplik en ŉ dwaling wat deur die kerk bestraf en verdoem moet word! Vir kerkwees verwag God nie optimale gehoorsaamheid nie. Vir kerkwees verwag God volmaakte gehoorsaamheid.

Hoe kan dit?

Hoe kan dieselfde mense hulle eers op optimale gehoorsaamheid beroep in een saak en dan weer op volmaakte gehoorsaamheid in ŉ ander saak? Dit is mos totaal teenstrydig!

Dit is teenstrydig as jy uit die wet van God jouself verantwoord. Maar dit is glad nie teenstrydig as jy vanuit die grondwet van die nuwe staat jouself regverdig nie: een kerk vir alle kulture en gemeenskappe is volgens die grondwet van die staat, ŉ monogame homoseksuele verbintenis is ook volgens die grondwet van die staat.

Wie van uit hierdie houding dink en leef dat die mens sy eie grondwet opstel volgens sy eie selfbeeld en dat God daarbinne moet inpas, vir hom/haar is daar geen innerlike teenstrydigheid tussen die geestelike motivering vir een kerkorganisasie vir alle kulture en etniese groepe, en die instelling van monogame homoseksuele huwelike nie.

In die hele debat waarin hierdie situasie-etiek as die nuwe gehoorsaamheid gepropageer word, word hierdie skreiende teenstrydigheid net nie aangespreek nie. Daar is net ŉ blindekol vir hierdie sake. Hierdie blindekol word veroorsaak deur die voorveronderstelling van die nuwe optimale gehoorsaamheid: die grondwet van die nuwe staat.

Dit is die voorveronderstelling waaraan God se wil nou ondergeskik gestel moet word as die “nuwe situasie”: die nuwe grondwet met sy liberale humanistiese inslag.

Homoseksualiteit is net die huidige front waaragter hierdie nuwe gehoorsaamheid opgestel word: gehoorsaamheid aan God kan en sal niks meer wees nie as ons selfkonstitusie, ons grondwet.

7. **Staatsprofete in die kerk wat nie deur die staat aangestel is nie.**

Wie eis hierdie optimale gehoorsaamheid aan God van Christene?

Dit is nie die staat of die regerende partye nie. Hulle gun godsdiensvryheid.

In die voorstanders van die "optimale gehoorsaamheid" het ons met die nuwe geslag staatsprofete in die kerk te doen. Dit is hierdie nuwe geslag staatsprofete in die kerk wat die wil van God nie meer in die kerk en gemeenskap wil laat geld nie, maar die wil van God wil inpas in ons vooropgesette situasie.

Maar die vooropgesette situasie is volgens hulle nie 'n vrye en oop keuse nie. Dit is die vasgestelde grondwet en die humanistiese waardes wat daarin gekonstitueer word.

Die ironie van hierdie nuwe staatsprofete se verwyt teenoor God as sou Hy 'n onregverdige en onbillike God sou wees, as Hy iets anders as optimale gehoorsaamheid sou eis, is juis wat hulle self is en doen: hulle skep 'n gehoorsaamheid wat innerlik teenstrydig en diskriminerend is.

Volgens die staatsprofete kan net homoseksueles kan hulle in die kerk op hulle "konstitusionele aard" beroep, nie sosiopate, nie pedofiele en ook nie mense wat vrye seks nastreef nie.

Die blinde kolle wat in die nuwe gehoorsaamheid ontstaan, is vir die staatsprofete net nie belangrik nie. Dit gaan in die nuwe gehoorsaamheid nie om verantwoording teenoor die Wet van God nie. Dit gaan om jouself, en om met die houding van 'n liberale demokrasie, jouself met jou eie grondwet teenoor God te bemagtig.

Wie het hierdie nuwe staatsprofete aangestel?

Nie die kerk nie! Ook nie die staat nie!

Hulle het hulle self in die kerk teenoor die kerk aangestel, omdat hulle in die nuwe gees van die mens se selfkonstitusie, hulself teenoor God, sy genade en sy wet bemagtig voel. Hulle voel bemagtig om in die kerk hulle wetteloosheid en goddeloosheid te laat geld omdat die kerk hom moet onderwerp aan die grondwet van die staat.

Hulle leef met die innerlike krag dat die kerk nie anders kan en mag wees as die gees wat húlle in die kerk indra nie.

8. **Die begin van 'n nuwe gehoorsaamheid**.

Dit wat hierdie nuwe geslag staatsprofete met die kerk doen is maar net die begin.

Indien die kerk deur die intimidasie van die moontlike dreigende gevolge van die grondwet op sy besluite, gedwing gaan word om vir homoseksueles situasie-etiek te aanvaar, maar vir sy lidmate in hulle georganiseerde kerkverband 'n eenheid af te dwing, teen die selfde waardes wat vir homoseksuele as reg aanvaar moet word, sal die wet van

God nooit weer so gehoorsaam kan word dat dit iets anders kan wees as gehoorsaamheid aan die grondwet van die nuwe Suid Afrikaanse staat nie.

As die staat poligamie goedkeur op grond van die inheemse reg van Afrika kulture, hoe kan die kerk poligamie as sonde voorhou aan sy lidmate wat voel hulle wil Afrikaniseer omdat hulle nie Eurosentries wil wees nie? As Afrika deel van ons selfkonstitusie is, sal God van ons geen gehoorsaamheid anders as die grondwet van die nuwe Suid Afrika kan eis nie. Anders is God onregverdig en onbillik.

Wat gaan die kerk doen as

- lidmate hulle op sielkundige bewese feite beroep dat hulle behoefte na veelvuldige seksuele maats (as sou dit 'n aangebore ingesteldheid is), ook konstitusioneel is?
- die staat op grond van die beroep volgens die inheemse grondreg, volgens voorvaderverering, grond sosialiseer en so die roepingskarakter van die boeregemeenskap vernietig? Sal die kerk niks anders kan as om dit ook te regverdig soos dit al reeds besig is om te gebeur nie?
- die staat met Afrika-nasionalisme diskriminasie teen die kerk se lidmate institusionaliseer? Sal die kerk hierdie optrede vir sy lidmate regverdig en hulle oproep om hulle daaraan te onderwerp in 'n gees van boetedoening en offervaardigheid?

Die eerste tree in hierdie rigting, om die kerk die handperd van die staat te maak, is om die instelling van 'n monogame huwelik vir homoseksuele Christene as God se wil te regverdig. Dit aan die een kant. Maar aan die aan die ander kant, as kerk van dieselfde lidmate (wat homoseksuele lidmate insluit) te eis om teen hulle natuurlike gevoel vir eie taal, kultuur en gemeenskapslewe in, een georganiseerde kerk vir almal as die onveranderlike wil van God te aanvaar.

Uit hierdie innerlike teenstrydigheid sal 'n disfunksionele kerk opstaan – die nuwe staatskerk vir die Afrikaanse gemeenskap: 'n Kerk volgens die grondwet van die staat, maar in stryd met die wil van die Here van die kerk.

9. **Die openbare sedelike geweld teen homoseksuele lidmate**.

Homoseksuele lidmate word as die front voorgehou en misbruik om 'n totaal nuwe gehoorsaamheid aan God vir Christene te regverdig, sonder dat die waardes en geloof waarop hierdie gehoorsaamheid gegrond is, in die openbare debat verantwoord kan word.

Indien daar gepoog word om hierdie waardes en geloof openbaar te verantwoord, word elke poging voorgestel as liefdeloosheid, ongevoeligheid en hardvogtigheid teen homoseksuele lidmate uit 'n ou gewelddadige en homofobiese kultuur.

Die siniese, gevoellose en berekende wyse waarop die nuwe staatsprofete die innerlike gewetensstryd van homoseksuele lidmate intrek in die openbare oog en debat, hulle op sentimentele wyse voorhou as verontregtes, om sodoende enige saaklike teologiese openbare debat oor situasie-etiek en die nuwe grondwet as norm vir die kerk se gehoorsaamheid te mag bespreek, is sedelike en openbare geweld teen homoseksuele lidmate.

Waarom moet in die homoseksuele se naam 'n nuwe gehoorsaamheid in die kerk geregverdig word, sonder dat die inhoud en aard van hierdie gehoorsaamheid openlike aan die orde gestel kan word?

Die morele geweld van 'n liberale demokraat wat sy selfkonstitusie as enigste reg vir almal sien, is vir die Christelike geloof en die openbare wêreldgemeenskap net so destruktief soos enige ander ideologie.

Dit sal nog wys in alle etniese gemeenskappe wat in stamverbande leef, maar gedwing word om hulleself in 'n liberale demokrasie te moet organiseer, volgens die politieke kragte van die dag, indien hulle finansiële ontwikkelingshulp en politieke erkenning uit die Westerse liberale demokrasieë wil hê.

Die staatsprofete van liberale demokrasie is nie meer begripvol, liefdevol en wetenskaplik ingelig as God nie, ook nie teenoor homoseksuele lidmate nie.

Hulle gees en lewenshouding is nog net nie deur die kerk in die nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap aan die orde gestel in onderskeid van die Christelike geloof en lewenswaardes nie.

Die debat oor homoseksualiteit is 'n strategiese poging om hierdie openbare debat nooit toe te laat nie.

Liberale demokrasie is volgens die staatsprofete die beste vorm van gehoorsaamheid wat God en die Christelike kerk van hierdie gemeenskap kan verwag en enige ander gehoorsaamheid sal verguis word met strukturele geweld – selfs binne in die vergaderinge van die kerk.

Strukturele geweld soos byvoorbeeld dat daar vir die meerderheid in 'n vergadering besluit word dat hulle nie hieroor mag stem nie, al is hulle die meerderheid.

ds. PJ Kriel
Levubu Oktober 2005